



024-594-NPO

**President : Johan Roos**

072-621 8129

[johanroos53@gmail.com](mailto:johanroos53@gmail.com)

**Admin – kantoor**

President Swartstraat 5, Bethlehem 9701

082 336 2353

[rbb.admin@mweb.co.za](mailto:rbb.admin@mweb.co.za)

[www.rapportryers.org.za](http://www.rapportryers.org.za)

Bakkiesblad:rapportryerbeweging/RRB

---

# KNAPSAK 41

Februarie 2022

Geagte Rapportryers en vriende

## INLEIDING

'n Nuwe jaar met nuwe uitdagings het begin!

Mag dit vir elke Rapportryer en vriend vervullend verloop onder die seënende Hand van ons Skepper en Onderhouer.

Die wiele is reeds sterk aan die rol ter voorbereiding vir die Landsberaad op 11 tot 13 Maart te Rustenburg. Korpse het bes moontlik klaar hul afgevaardigdes na die Landsberaad aangewys en ons wag op die inskrywingsvorme. Alle besonderhede verskyn in Knapsak 40 wat gedurende Desember 2021 uitgestuur is.

## UIT DIE RAPPORTRYERRAAD

Rapportryerraadslid vir Natal, Jaun de Heer, het weens werksdruk en gesinsverpligtinge uit sy pos bedank. Die Rapportryerraad het gevolglik besluit om voorlopig nie die pos te vul nie totdat meer as een korps weer in Natal tot stand gekom het. Natal word dus voorlopig voortaan onder die jurisdiksie van Henk Kraaij geplaas met die portefeulje: Gauteng/Mpumalanga/Natal.


---

**Johan Roos** (President)    **Cilliers de Kock** (Vise-President)

**Henk Kraaij** (Gauteng/Mpumalanga)    **Jaun de Heer** (Natal)    **David Fensham** (Noordwes/Limpopo)

**Neil Schreuder** (Oos-Kaap)    **Pieter vd Merwe** (Vrystaat/Noord-Kaap)    **Werner Visagie** (Wes-Kaap)

**Danie Eichstädt** (Sekretariaat)

In vennootskap met die 

## LANDSBERAAD 2022

### LEDEGELD:

Ledegeld bly onveranderd op R400 (50% korting vir Veteraanlede, Gesinslede en Jongelede). Die aanslag vir 2022 is reeds aan elke korps en Hoofkantoorlid besorg. Om sitting op die Landsberaad te verseker moet hierdie ledegeld vooraf betaal word aangesien die kostes daarvan hieruit gedek moet word.

Klousule 9.3.9. van die RRB se grondwet lui as volg:

***“Slegs opbetaalde lede mag benoem word as afgevaardigdes.”***

### BESKRYWINGSPUNTE EN GRONDWETWYSIGINGS:

Korpse moet asseblief kennis neem van die volgende beskrywingspunt en grondwet wysiging wat ontvang is vir oorweging deur die Landsberaad. Lê dit aan korpslede voor vir besluitneming om 'n mandaat aan afgevaardigdes na die Landsberaad te gee.

### BESKRYWINGSPUNT 1:

## BETHLEHEM-KORPS

### ONDERSTEUNING VAN DIE BOEKTROMMEL-PROJEK VAN DIE VRIENDE VAN AFRIKAANS

#### AGTERGROND:

- Die Vriende van Afrikaans is gesetel in Wellington en werk met die hulp van die ATKV aan die bevordering van Afrikaans en leesvaardigheid onder Kleuter- en laerskoolkinders.
- Gevulde boektrommels ter waarde van ongeveer R8 500 word ook aan skole geskenk vir gebruik deur leerders. Die inhoud bestaan uit ongeveer 100 boeke waarvan 80% Afrikaans en 20% in die algemene voertaal van die betrokke skool is.
- Die boektrommels word geborg deur goedgesinde binnelandse en buitelandse organisasies. Die behoefte is egter so groot dat hierdie skenkings nie volledig aan die vraag kan voldoen nie.
- Die VVA opereer landwyd en sal die samewerking van korpse waardeer. Die doel is nie net om boeke te versprei nie, maar ook om 'n liefde vir lees aan te wakker by kinders in verdienstelike laerskole en goed-bestuurde kleuterskole.
- Die VVA oorhandig die trommels self op eie koste. Dit gaan gepaard met voorlees- en 'n bemagtigingsprogram (“Doen en Leer”) teen 'n koste van R1 850 per skool om die material te dek. Hierdie koste word gewoonlik deur die skool betaal.

**AANBEVELING VIR BESLUIT DEUR DIE LANDSBERAAD:**

1. Dat die RRB jaarliks begroot om 3 tot 5 boektrommels te borg;
2. Dat korpse aangemoedig word om die lofwaardige projek plaaslik beslag te gee;
3. Dat korpse op plaaslike vlak sal saamwerk met ander goedgesinde organisasies soos die ATKV en Die Dameskring.

**MOTIVERING:**

1. Twee van die RRB se doelstellings soos vervat in artikel 3.3.8. en 3.3.12. lui as volg:

*“Om Afrikaans as moedertaal op alle lewensterreine te koester, te bewaar en te bevorder;”*  
*“Om spesifiek aandag te gee aan die bevordering van bogenoemde doelstellings onder die Afrikanerjeug.”*

2. Afrikaans is toenemend die teiken van vyandige elemente en die owerhede met die oog daarop om dit uit te rangeer as amptelike voertaal terwyl dit die derde grootste spreektaal in Suid-Afrika is.
3. Hoër onderriginstellings dryf Engelstaligheid as gebruikstaal en dwing skole om daaraan toe te gee sodat kinders weggestuur word van moedertaalonderrig.
4. Op hierdie wyse kan ‘n trots en liefde vir hul taal onder jong Afrikaanssprekende kinders aangewakker word tesame met ‘n liefde vir lees wat toenemend gebrekkig is.

**GRONDWETWYSIGING:****BLOEMFONTEIN ORANJE-KORPS****RRB-GRONDWET: VOORGESTELDE WYSIGINGS (MAART 2022)**

---

**AGTERGROND, MOTIVERING**

Hierdie voorlegging het ten doel om onduidelikhede oor die posbenamings “Sekretaris” en “Hoof- Administratiewe Beampte”, asook die funksies van bekleërs daarvan in die Grondwet uit te skakel.

Voorgestelde wysigings en byvoegings tot die RRB-grondwet word in **rooi-gekleurde** teks in ‘n uittreksel daarvan, onderaan die aanbevelings, aangedui.

1. In die deel oor “WOORDOMSKRYWINGS” word die amp (portefeulje) van ‘n **Hoof- Administratiewe Beampte** omskryf, maar nêrens in die res van die Grondwet word van so ‘n pos melding gemaak nie, maar wel van ‘n **Hoof- Uitvoerende Beampte** (Engels: “CEO”). Daarteenoor is die amp van Hoof- Uitvoerende Beampte nie onder die opskrif WOORDOMSKRYWINGS gedefinieer nie, en kan aanvaar word dat daar nie vir so ‘n pos in die Grondwet voorsiening gemaak moet word nie.

Daar is ‘n groot verskil in die aard van die twee “poste”. ‘n Hoof- Uitvoerende Beampte het uitgebreide magte wat deur die beheerliggaam, in hierdie geval die Rapportyerraad, aan hom/haar gedelegeer is. Daarenteen het ‘n Hoof- Administratiewe Beampte geen uitvoerende magte nie, maar het, in die geval van die RRB, slegs ‘n administratiewe funksie, deur met korpssekretarisse te skakel en ondersteunend tot die Landsberaad, Rapportyerraad en die Dagbestuur op te tree. Die aard van sy/haar pligte en funksies as besoldigde *amptenaar* van die RRB word ook oorsigtelik in **Artikel 16 – veral 16.2** – omskryf.

### **AANBEVELINGS:**

- (1) Vervang die posbenaming “Hoof- Uitvoerende Beampte” in die Grondwet met “Hoof- Administratiewe Beampte” of “Sekretaris” (Sien WOORDOMSKRYWINGS en **Artikel 10.3.3**).
  - (2) Brei die definisie van *Rapportyerraad* onder WOORDOMSKRYWINGS as volg uit: “Raad bestaande uit die voorsitters van die provinsies, President en Vice-President van die Beweging, **en indien nodig, ‘n verkose Sekretaris en Penningmeester, asook en enige gekoopteerde lede en/of amptenare**”. (Byvoegings in vetgedrukte letters; sien ook die uittreksel van die Grondwet hieronder op die tweede bladsy).
  - (3) Brei die WOORDOMSKRYWING vir Sekretaris uit om ook voorsiening te maak vir (sekretaris van) die **Landsberaad** en die **Dagbestuur**.
  - (4) Verwys deurgaans na “penningmeester” in plaas van “tesourier”.
2. In Artikel 10.1.5 word die samestelling van die Rapportyerraad uiteengesit. Om hierdie artikel verder te belig word ‘n nuwe Artikel 10.1.6 voorgestel om voorsiening te maak vir ‘n Hoof- Administratiewe Beampte as sekretaris indien die Rapportyerraad dit sou goeddink om so ‘n persoon as werknemer aan te stel (wat tans wel die geval is).
3. Sedert die inlywing van die Federasie van Rapportyerkorpse (FRK) by die Junior Rapportryer-beweging (JRB), en herbenaming van die Beweging in 1999, is daar tydens Landberade nooit ‘n sekretaris en penningmeester uit “vooraf genomineerde kandidate” (soos omskryf in Artikel 10.1.3) verkies nie. In plaas daarvan word van ‘n Hoof- Administratiewe Beampte as ‘n deeltydse, besoldigde amptenaar (Sien Artikel 16 in die uittreksel van die Grondwet hieronder) gebruik gemaak wat as sekretaris van die Rapportyerraad, Landsberaad en Dagbestuur dien.

### **AANBEVELINGS:**

- (5) Voeg “**en indien nodig, ‘n** ” in by **Artikel 10.1.3** (Sien uittreksel van die Grondwet hieronder)
- (6) **Wysig Artikel 10.1.5** oor die samestelling van die Rapportyerraad sodanig dat dit (a) in lyn gebring word met die definisie daarvan onder WOORDOMSKRYWINGS, en (b) by te voeg dat die Sekretaris en Penningmeester *een en dieselfde persoon* kan wees. (Sien die uittreksel van die Grondwet hieronder).

- (7) **‘n Nuwe Artikel 10.1.6** moet bygevoeg word (sien die uittreksel van die Grondwet hieronder) om voorsiening te maak vir ‘n Hoof- Administratiewe Beampte as ‘n nie-stemgeregtigde sekretaris van die Rapportyerraad, Landsberaad en Dagbestuur (sien **Artikel 16** in die uittreksel van die Grondwet hieronder as motivering) indien ‘n sekretaris nie uit die geledere van verkose raadslede aangewys word nie.
- (8) **Herskryf Artikel 10.3.5** as volg: **Slegs verkose Die** lede van die Rapportyerraad het ~~sitting met volle~~ stemreg op enige vergadering van die ~~Landsberaad~~ **Rapportyerraad of Dagbestuur**. (Byvoeging en wysiging in vetgedrukte letters). (Sien die voorgestelde wysiging in die uittreksel van die Grondwet hieronder).
- (9) **Brei Artikel 13.1 uit** om dit in lyn te bring met WOORDOMSKRYWINGS, en die gewysigde Artikels 10.1.5 en 10.1.6. (Sien die voorgestelde wysiging in die uittreksel van die Grondwet).

---

## UITTREKSEL VAN DIE RRB-GRONDWET MET VOORGESTELDE WYSIGINGS (MAART 2022)

### WOORDOMSKRYWINGS

---

#### Die woordoms krywing in hierdie Grondwet, tensy anders uit die samehang, beteken:

Hoof- Administratiewe Beampte	Beampte in beheer van die hoofkantoor se administrasie.
Rapportyerraad	<del>Die</del> Raad bestaande uit die voorsitters van die provinsies, President en Vise-President van die Beweging, en <b>indien nodig ‘n verkose Sekretaris en Penningmeester, asook</b> enige gekoöpteerde lede <b>en/of amptenare</b> .
Sekretaris	Sekretaris van die Rapportyerraad, <b>Lands-beraad en Dagbestuur</b> wat ook die Hoof- <b>Administratiewe Uitvoerende</b> Beampte van die Beweging kan wees.

## 10. DIE RAPPORTRYERRAAD

Die uitvoerende gesag van die Beweging berus in die Rapportryerraad wat die sake van die Beweging deur middel van 'n sekretariaat behartig.

### 10.1 Samestelling van die Rapportryerraad

- 10.1.1 Tydens 'n Provinsiale vergadering waarop alle korpse binne 'n spesifieke provinsie/streek verteenwoordig word, en wat plaasvind vóór die volgende Landsberaad, word vir elke provinsie/streek 'n voorsitter en ondervoorsitter verkies. Die provinsiale voorsitters word op die volgende Landsberaad voorgestel as die verkose provinsiale verteenwoordigers in die Rapportryerraad met die ondervoorsitters as hulle sekundi.
- 10.1.2 Tussentydse vakatures in provinsiale besture word by wyse van 'n posstemming gevul.
- 10.1.3 Die provinsiale verteenwoordigers verkies die President, Vise-President, **en indien nodig, 'n Sekretaris en Penningmeester** uit vooraf genomineerde kandidate, wat volwaardige lede van die Beweging is, en met hulle skriftelike instemming.
- 10.1.4 Indien die verkose President en die Sekretaris provinsiale verteenwoordigers is, sal die verkose sekundi van die betrokke provinsies vir die duur van die President of die Sekretaris se ampstermyn, optree as provinsiale verteenwoordigers op die Rapportryerraad en dus ook as provinsiale voorsitters.
- 10.1.5 Die provinsiale voorsitters vorm saam met die President, Vise-President, **Sekretaris van die Raad, en amptenare die Rapportryerraad, verkose Sekretaris en Penningmeester, asook enige gekoöpteerde lede en/of amptenare, die Rapportryerraad. Die Sekretaris en Penningmeester kan een en dieselfde persoon wees.**
- 10.1.6 **'n Hoof- Administratiewe Beampte, wat voltyds of deelyds deur die Rapportryerraad aangestel word, kan as sekretaris in die plek van 'n termyngebonde verkose Sekretaris en Penningmeester, op die Rapportryerraad dien. (Sien ook Artikel 16 – Amptenary).**
- 10.1.7 Indien daar 'n vakature vir President binne sy ampstermyn ontstaan, neem die Vise-President hierdie ampsposisie in, en indien die Vise-President in hierdie omstandighede ook 'n provinsiale voorsitter is, neem sy verkose sekundus sy plek as Rapportryerraadslid vir daardie provinsie in.

- 10.1.8 Indien 'n provinsiale voorsitter as Vise-President binne sy ampstermyn verkies word, en indien hy sou verkies om nie die twee ampsposisies tegelyk te beklee nie, sal sy verkose sekondus die amp as provinsiale voorsitter oorneem vir die duur van sy ampstermyn.
- 10.1.9 Die Rapportryerraad kan 'n maksimum van 8 (agt) lede koöpteer om kundigheid toe te voeg, ingeval bestaande verkose raadslede nie self verantwoordelikheid vir sekere kundighedsportefeuljes kan hanteer nie.
- 10.1.10 Die Rapportryerraad kan sy samestelling wysig deur provinsies saam te voeg of provinsies te verdeel, soos omstandighede en praktiese uitvoerbaarheid dit vereis.

### 10.3 Vergaderings van die Rapportryerraad

- 10.3.1 Behoudens die bepalings van hierdie Grondwet, sit die Rapportryerraad die werk van die Landsberaad voort op 'n wyse wat hy noodsaaklik en geskik ag en met inagneming van die algemene beleid, opdragte en besluite van die Landsberaad, met dien verstande dat enige beslissing of optrede van die Rapportryerraad deur die Landsberaad hersien mag word.
- 10.3.2 Die Rapportryerraad vergader so dikwels as wat die voorsitter dit noodsaaklik ag, maar minstens twee keer per jaar, met inagneming van onkoste en beskikbare fondse.
- 10.3.3 Die President moet 'n buitengewone Rapportryerraadsvergadering belê binne ses weke na ontvangs van 'n versoekskrif, gerig aan die President of die **Sekretaris / Hoof- Administratiewe Uitvoerende Beampte**, en deur ten minste vier lede van die Rapportryerraad onderteken, waarin die doel van die vergadering uiteengesit is.
- 10.3.4 Die Rapportryerraad moet volledig notule hou van die verrigtinge en besluite van al sy vergaderings.
- 10.3.5 **Slegs verkose** lede van die Rapportryerraad het ~~sitting met volle~~ stemreg op enige vergadering van die ~~Landsberaad~~ **Rapportryerraad en Dagbestuur**.
- 10.3.6 Die Rapportryerraad het die reg om vir sodanige doeleindes as wat nodig geag word, komitees aan te stel en te ontbind.
- 10.3.7 Die Rapportryerraad keur die notule van die Landsberaad goed en gee uitvoering aan die besluite.

### **13. DAGBESTUUR**

- 13.1** Die Dagbestuur van die Beweging bestaan uit die President, Vise-President, Penningmeester en ~~tesourier~~, Sekretaris, of in die plek van laasgenoemde twee portefeuljes 'n Hoof- Administratiewe Beampte, voorsitters van staande komitees en amptenare, soos benodig deur die Rapportyerraad.
- 13.2** Die Dagbestuur het dieselfde bevoegdhede as die Rapportyerraad betreffende die bestuur van dag tot dag sake.
- 13.3** Alle optredes en besluite moet voorgelê word vir bekragting by die volgende Rapportyerraadsvergadering.

### **16. AMPTENARY**

- 16.1** Die Rapportyerraad is bevoeg om enige persoon of liggaam heeltids of deeltids, met of sonder vergoeding, in diens te neem op sodanige voorwaardes as waartoe onderling ooreengekom word.
- 16.2** 'n Amptenaar wat in diens van die Beweging is, verstrek inligting, lewer kommentaar en gee wenke, maar so 'n amptenaar het geen stemreg op enige vergadering nie.
- 16.3** Alle inligting rakende die Beweging word as vertroulik deur amptenare geag.

## **KORPSNUUS**

### **Kimberley Danie Theron**

Hierdie woelige korps het gedurende 2021 ander organisasies betrek om te help met die skoonmaak van gedenkwaardighede in Kimberley. Die volgende organisasies het hul samewerking verleen: die Landsdiens, Voortrekkers, Afriforum-jeug.

Daar is weggespring met die Wes Einde begraafplaas Konsentrasiekamp gedenk tuin, asook die Konsentrasiekamp gedenk monument by die Hertzogplein in Kimberley. Kransies is by beide tereine gelê, en 'n kort vertelling rondom die geskiedenis van die Kimberley (Newton) Konsentrasiekamp is gelewer.

Daar is ook beplan om later in die jaar die Burgermonument net buite Kimberley skoon te maak, asook die Magersfontein slagveld te besoek. Ook om dieselde by die Paardeberg slagveld te doen , en die monument aldaar skoon te maak.







*Rapportryergroete!*

*Danie Eichstädt*

Sekretaris